gesê dat hy en Timol alleen in die vertrek bly sit het nadat die twee veiligheidsmanne uit is. Timol het gesê dat hy na die toilet wou gaan en altwee het opgestaan en na die deur beweeg. „Timol het omgespring, na die venster gestorm, dit oopgepluk en uitgespring."

Geweier

Adv. Maisels het gesê dat die drie name Quentin, Henry en Martin wat in Timol se verklaring voorgekom het, vir die ondervraers baie belangrik is. Hy wou weet hoe lank Timol oor dié mense ondervra is en waarom kapt. Gloy van hulle in sy verslag melding gemaak het.

Kapt. Gloy: „Net voordat die oorledene selfmoord gepleeg het, was dit die laaste onderwerp wat in sy teenwoordigheid bespreek is."

Kapt. Gloy het getuig dat hy en kapt. Van Niekerk van Pretoria by drie geleenthede vir Timol ondervra het.

Op vrae van adv. I. A. Maisels, wat die Timol-gesin verteenwoordig, het kapt. Gloy getuig dat ofskoon Timol behulpsaam was, daar tog baie dinge is wat hy geweier het om aan die polisie te sê. „By baie vrae het hy in gebreke gebly om te antwoord." Op 23 en 24 Oktober is daar notas van die ondervraging gemaak. Van hierdie notas is nou voor die hof.

Aangesien die vrae wat adv. Maisels met betrekking tot die notas gevra het, slegs betrekking gehad het op sekere insidente wat in die notas beskryf is, is slegs die twee bladsye waarop hierdie insidente voorkom, aan die hof as bewysstukke voorgelê.

Op gesig

Kapt. J. S. van Niekerk van die Veiligheidspolisie het ook gister getuig oor Timol se einde.

Hy was saam met kapt. Gloy uit die kantoor uit. Sers. Rodriques het hom later vertel dat Timol uit die venster geduik het.

Toe hy hoor wat met Timol gebeur het, het hy deur die venster gekyk.

„Ek het 'n liggaam langs die gebou sien lê. Ek is vinnig na onder om te kyk of hy nog leef. Hy het op sy gesig gelê en sy regterskoen langs hom.

„Ons het die liggaam na binne gedra."

Nie gekla

Kapt. Van Niekerk het getuig dat Timol nooit deur die nag ondervra of wakkergehou is om hom fisiek uit te put sodat hy makliker op sy ondervragers se vrae kon antwoord nie.

Timol was om veiligheidsredes nie toegelaat om die ondervragingskantoor te verlaat nie. Hy is wel toegelaat om snags te slaap. Twee polisiesersante het hom snags opgepas.